Bybelstudie: Hebreërs 1:1-4

1. Op watter deel van die erediens fokus jy die meeste, die Skriflesing of die preek? Bespreek asb.

_____

_____

2. Met bostaande in gedagte, wat is die besondere betekenis van "***maar nou***" aan die begin van vers 2? Vergelyk dit ook met dieselfde woorde in Romeine 3:19-22.

_____

_____

_____

_____

3. (Lees weer vers 1) Het God maar eers onlangs met ons begin praat? Wat sê dit van Hom?

_____

_____

4. Lees Jeremia 7:1-16 (herhaal vers 13). Noudat jy dit gehoor het, sê hoe jy as christen voel oor die boodskap van Hebreërs.

_____

_____

5. By watter geleenthede beleef jy dit dat God met jou praat en waarom is jy dan op sy stem ingestel?

_____

_____

_____

6. Jy gaan in- en saam-met Christus erf. Wat gaan ons alles erf? (Vgl. Rom 8:17 en ook 1 Kor 6:1-3.)

_____

_____

7. Watter verantwoordelikheid gaan met erf, gepaard?

_____

_____

8. Wat is die betekenis daarvan dat Jesus gaan **sit** het?

_____

_____

_____

Aantekeninge by Hebreërs 1:1-4

1. Dit is so dat daar gewoonlik meer kommentaar en bespreking is oor die preek as wat daar is oor die gedeelte waar God self deur die Bybel aan die woord is. Hiervoor kan daar verskillende redes wees. Predikante kan bv. hulle eie praat verhef bo die Here se praat as hulle sê: "*Kom ons lees met die oog op die prediking.*" Dit is egter baie belangrik dat ons altyd moet onthou dat God self aan die Woord is tydens die Skriflesing, en dat dit die hoogtepunt van alle kommunikasie is.
2. Hierdie twee "klein woordjies" is soos die skarniere van 'n massiewe deur. Wanneer dit daar is, beweeg jy maar net deur die deur, maar as dit nie daar is nie, is alles solied gesluit. So is die twee "*maar nou's*" ook in hierdie gedeeltes wat ons gelees het. Die profete het gepraat, maar wanneer Jesus Christus kom, dan is hulle praat heeltemal ondergeskik aan God se praat deur sy Seun. Wanneer ek probeer om die wet te onderhou, is dit bloot 'n onvolmaakte poging, maar wanneer Jesus, die Christus dit doen, bring dit ewige lewe. Dit is daarom WONDERLIK om 'n MAAR NOU soos 'n banier oor jou lewe geskryf te hê, en dit vervul die Geesvervulde mens met verwondering oor Hom wat dit moontlik gemaak het!
3. Die Hebreërsboek begin met die bevestiging dat God Hom nog altyd met die mens besig was. In vers 1 staan daar: "In die verlede het God baie keer en op baie maniere met ons voorvaders gepraat deur die profete". Jy kan jou indink hoe dit moes klink vir die lesers. Dit begin amper soos 'n klasieke verhaal - … eendag, lank, lank, gelede … - Maar hier is 'n verskil! Nie net 'eendag' nie, maar op baie dae, by verskeie geleenthede het God met Sy volk gepraat. Onthou dat die Jode 'n goeie kennis van die Ou Testament sou gehad het en hulle sou in hulle hart kon bevestig: Ja, dit is so, God het baie met ons voorvaders gepraat, en ja, ons weet God het direk met Adam en Eva gepraat, met Jakob in drome, en met Moses in die brandende braambos het Hy ook gepraat. God is dus nie ver en onbetrokke nie, maar naby en betrokke!
4. Daar het so 'n totale omkeer gekom, dat dit 'n mens nie emosioneel onaangeraak kan laat nie. Aan die Jeremia-kant is daar die besef dat ons toekomsloos is as God Hom vir ons afsluit. Aan die Hebreër-kant is daar weer die besef hoe goed God vir ons is, maar ons kan dit maklik as vanselfsprekend aanvaar omdat dit, vir ons, maar "nog altyd" so was. Hebreërs wil juis daardie verwondering oor God se Grootheid by ons terugbring.
5. Eie antwoorde.
6. Alles, selfs om in Hom oor die engele te oordeel!
7. Die gelykenis van die verlore seun spel dit mooi uit (Luk 15:11-31). Dit vra groot verantwoordelikheid, want as jy nie besef wat gebeur nie, word erfgoed, in wêreldse terme gesê, maklik swerfgoed